




foto MARIAM GILLAN

LAPPIES VIR LASTIGE DRUPPELS

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN

Laat jou gaste spesiaal
voel en sit jou drinkgoed
op gehekelde
druplappies voor

DRUPMATJIES

Patroon deur die Ontwerpateljee,
UNISPIN

BENODIGDHEDE

Fiesta Export No. 5 (50-g-bolle); 1 bol
is genoeg vir ongeveer 9 drupmatjies;
Inox-hekelpen van 2 mm.

Gebruik slegs die aanbevole gare;
ander soorte mag onbevredigende re-
sultate oplewer.

MATE

Een matjie is ongeveer 10 cm in deur-
snee.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb –
langbeen; dsl – dubbelslagsteek; st(e)
– steek(steke); gp – groep; ls(e) –
lus(se) – sp(s) – spasie(s); sk(e) –
skulp(e); goh. – gare oor hekelpen;
herh – herhaal.

AANWYSINGS

Begin met 9ks, sluit met gs om ring te
vorm.

1e rondte: 1ks, 18kb in ring.

Begin elke rondte met 3ks, wat die
eerste lb vervang, of 4ks om 'n dsl te
vervang, en eindig elke rondte met 'n
gs in bopunt van begin-ks, of in die
eerste st.

2e rondte: *1lb in elk van vlg 2kb,

3ks, slaan 1kb oor; herh van * tot
einde.

3e rondte: Gs tot in eerste sp, *5lb in
sp, 3ks; herh van * rondom.

4e rondte: Gs tot middelste lb, *5dsl
in middelste lb, 1ks, (2lb, 2ks en 2lb)
in vlg sp (= 1sk gevorm), 1ks; herh
van * rondom.

5e rondte: *5dsl-gp bokant 5dsl (=
hou laaste ls van elke st op hekelpen,
hekel 1dsl in elke dsl, goh, trek deur
die 6 lse op pen), 5ks, sk in sk, 5ks;
herh van * rondom, eindig met gs in
bopunt van 5dsl-gp.

6e rondte: *1kb in bopunt van 5dsl-
gp, 6ks, sk in sk, 6ks; herh van * rond-
om.

7e rondte: *Sk in kb, 5ks, sk in sk,
5ks; herh van * rondom.

8e rondte: Gs tot middel van sk, *9lb
in sk, 1kb in 5ks-sp; herh van * rond-
om. Stoom liggies.